e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

28 Augustus 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 28

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkruimtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Ag nee! Die krag is al weer af

***Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets* (Prediker 4: 9)**

Kragonderbrekings is nie meer nuus vir Suid-Afrikaners nie, maar onlangs is Centurion se gemeenskap meer intens deur kragonderbrekings geraak. Kabeldiewe het een substasie na die ander beroof en groot skade aangerig. Groot dele van Centurion was vir etlike dae sonder krag. Dit was geen verrassing nie dat mense gekla het en die owerhede verwyt het oor onverantwoordelikheid en nalatigheid – hoekom is reaksie so traag, hoekom word substasies nie bewaak nie?

Maar waaroor ek verras was, is hoe mense se harte en huise in 'n krisistyd vir mekaar oopgegaan het. Deur sosialemediagroepe het dié wat nog krag gehad het oop uitnodigings aan vreemdelinge gerig: *As daar dalk 'n mamma is wat vir haar baba warm melkies moet gee of dalk 'n warm bad benodig of dalk net 'n koppie koffie wil maak, my huis staan oop, enige een is welkom, ek help graag.* Vir my is dit half ongekend dat mense so hartlik teenoor mekaar optree.

Hierdie is net een voorbeeld van vele: Die raadslid het in persoonlike hoedanigheid gesorg dat inligting reg deur die nag aangestuur word, die buurtwag het ekstra eenhede na die donker dele van die buurt gestuur om te help patrolleer, ander het vir die herstelspan by die substasie kos en koffie aangedra, mans het kragopwekkers beskikbaar gestel vir skole en besighede… So kan ek nog talle voorbeelde noem van hoe die woord *gemeenskap* in die middel van die winter in Centurion 'n werkwoord geword het.

Die opmerklike was dat niks gekoördineerd plaasgevind het nie. Dit was spontane medemenslikheid wat meegewerk het om nood te verlig. Dit is ook blywend, want toe die substasie maande later weer beroof is, daag tientalle voertuie vanuit die gemeenskap op om te help beskerm. Dit is volgens die tegnologiefilosoof Pierre Lévy een van die uitstaande kenmerke van wat deesdae kollektiewe intelligensie genoem word. Die krag wat gesamentlik opgesluit is in 'n groep individue is altyd meer as die krag van die sterkste individu in die groep. Bemiddeld deur tegnologie, byvoorbeeld Facebook, word 'n nuwe soort gemeenskap gebou wat nie noodwendig gebonde is aan fisiese grense en lokaliteit nie – 'n virtuele gemeenskap. Inligting word intyds met mekaar gedeel en nuwe probleme vir die samelewing word kollektief benader. Dog beteken dit nie – omdat hierdie gemeenskappe tegnologies gedrewe is – dat dit slegs klinies is en dat menslikheid verlore gaan nie. Inteendeel, tegnologie ontsluit 'n spontaniteit van geleenthede wat aangegryp word om selfs méér menslik en bedag teenoor mekaar te wees. Meer mense weet nou meer van mense – en meer harte gaan oop.

Dit laat my wonder, is dit nie ook hoe die geloofsgemeenskap moet wees nie? Ek meen daar is waarde daarin om ook so oor die geloofsgemeenskap te dink. Dan is niemand belangriker as die ander nie, want elkeen se deelname, hoe gering ook al, versterk die liggaam van Christus. *Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets* (Pred 4: 9). Dalk moet ons meer ernstig ondersoek hoe tegnologie ook hiérmee kan help.

Ds Deon du Toit

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN WERKRUIMTES

Vakante werkruimte

- **Gemeente Rustenburg Jac van Belkum** het 'n werkruimte vir **deeltydse bediening**. Die standplaas het vakant geraak met die vertrek van ds Suzelle Lange. Jac van Belkum bestaan uit 166 belydende lidmate (218 dooplidmate). Die werkopdrag en vergoeding sal met elke aansoeker bepreek word. **Aansoeke sluit op 20 September 2014.** Vir meer inligting, skakel mev Hester Coetzee (skriba) by 083 324 9983 of ds Johnny Young (konsulent) by 083 730 0706.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Mev Tienie Stoltz**, vrou van ds Dirk Stoltz en moeder van ds Gerhard Stoltz, is na nege dae uit die hospitaal ontslaan na die operasie om die battery in haar diepbreinstimulator (DBS) te vervang. Die prosedure was suksesvol, sy loop weer en haar spraak is weer sterk. Die DBS maak 'n enorme verskil om die simptome van Parkinson se siekte te verbeter. Ons bid ds en mev Stoltz baie sterkte toe.

- **FINAAL VIR LANDWYE BYBELVASVRA**
  Hoewel ons nog die laaste stuiptrekkings van die winter ervaar, is die lente in die lug. En dit beteken net een ding: Die finale rondte van die Landwye Bybelvasvra is om die draai! Gemeentes wat saam wil kamp en nog nie bespreek het nie, moet vinnig speel. Die saamgesels oor gesinsbediening vind ook dieselfde naweek plaas, dus is die plek beperk!
  Datum: **26-28 September**
  Plek: Kwaggasrus Kampterrein
  Koste: R380 per persoon (vir die kampnaweek)
  R50 per persoon (dagbesoekersfooi vir die Vasvradag)
  Besonderhede vir betaling: Tjeks uitgemaak aan Raad van Finansies
  Elektroniese inbetalings: ABSA, rekening nommer 0020000287
  Verwysing 16RVGS & Gemeentenaam
  E-pos bewys van betaling na **kassier@nhk.co.za** en **bybelvasvra@gmail.com**

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Adviseer bejaardes taktvol en met die nodige deernis oor gereelde voorkomende onderhoud aan hul huis of woonstel, byvoorbeeld verf, krane, elektrisiteit, pype en houtwerk. Dit is belangrik sodat ongelukke en groot uitgawes betyds voorkom kan word. Let veral op oorlaaide muurproppe wat 'n brandgevaar inhou. Indien moontlik, bied hulp en ondersteuning aan. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **PREEKBEURTE IN DULLSTROOM.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n predikant en sy/haar gade in ruil vir die gratis preek; een voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir twee nagte; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit vooraf met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of nhkdullstroom@gmail.com.

- **September is Bloedskenkmaand** en ons wil graag soveel Hervormers moontlik daarby betrek. Hoewel daar nie meer ’n bloedskenkkliniek by die Sinodale Kerkkantoor sal plaasvind nie, word gemeentes aangemoedig om so ’n geleentheid te reël. Kontak Belinda Botha, skakelpraktisyn, by 012 391 2551 of 082 419 1171.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Vrydag 12 tot Sondag 14 September: Voetsporefees**
  Aangebied deur die RDV van die ring van Losberg
  Hoërskool Jan Viljoen se sportgronde (Randfontein)
  Kunstenaars: Gerrie Pretorius, Fredi Nest, Dillon Lerm, NRG,
  Marli (lyndansers), Tanya V, Maritza, Jerome Alden, Tommy Oliver en die Kannie Worries Boere-orkes
  Ook: rodeo, hondevertoning, uitstallers, modelkompetisie, pretpark, kosstalletjies en baie meer
  Die fees sluit af met ’n gesamentlike ringserediens
  Kontak Mac van Zyl (082 806 7650) of Elize Coetzee (074 561 5385)

’n Gedig oor dankbaarheid

Droogte

jare van droogte, van dissels wat gedy:
geen vinke in die weiland of paddas in die vlei

die diere moes gevoer word: kuilvoer, hawer en hooi
’n bietjie water of molasse vir die ram en lammerooi

die wag was lank – sou woorde weer soos wolke teen die blou
lugkastele, piramides, katedrale, selfs ’n Babeltoring bou?

toe bars die donder en die weerlig los
oor my verdroogde en verskroeide plaas:
oornag staan kosmos langs die pad en in die lande
wit, pienk en pers, populiere jubel silwer in die bos
die rivier vind weer ’n bedding deur die slyk en mos
en met sy soom langs bot die treurwilgers oplaas

ongelowig wat ek is, kniel ek en vou my hande
want dié is ’n gedig, ’n sonnet nogal, sien ek verbaas

WL van der Merwe
(Uit: *Nuwe stemme 3.* 2005)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 September, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 28 Augustus: Ds GC (Gert) van Staden (emeritus)
  - Vrydag 29 Augustus: Ds J (Jan) van Immerzeel (emeritus)
  - Sondag 31 Augustus: Ds JH (Koos) Naudé (Venterskroon/emeritus)
  - Maandag 1 September: Ds WRT (Tertius) Hindley (emeritus)
  - Woensdag 3 September: Ds JM (Marthinus) van Staden (Gaborone)
  - Donderdag 4 September: Ds MD (Giel) Malan (Wonderboompoort)
  - Vrydag 5 September: Ds D (Deirdre) van der Merwe (Bethlehem/Reitz)

Beplande vergaderings

- Donderdag 28 Augustus: Ons Tuis Direksie
- Woensdag 3 September: Direksie van die Kinderhuise
- Donderdag 4 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 5 September: Kommissie van die AKV

Kursusse en toerusting

- **Departement Ou Testament by Fakulteit Teologie (UP)**
  Dinsdag 2 September 09:00 tot 11:30
  Simposium oor die boek Jeremia
  09:15 – Georg Fischer (Innsbruck): *Jeremiah, a prophet for South Africa*
  10:00 – Gerlinde Baumann (Marburg): *Jeremiah, Jerusalem, suffering and empathy*
  10:45 – Thomas Römer (Paris/Lausanne): *The redaction of three great prophets as a reaction to the crisis of Babylonian exile*
  Kontak prof Alphonso Groenewald by **Alphonso.Groenewald@up.ac.za**

- **Hervormde Teologiese Kollege: Gesprek met die Bybel**
  Woensdag 3 September 19:00 tot 21:00
  Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie, Kamer 1-11
  Tema: *Homoseksualiteit* (inleier prof Piet Geyser)
  Bevestig asseblief vooraf indien u gaan bywoon
  Kontak mev Betsie Brits by 012 420 5393 / **betsie.brits@up.ac.za**

- **Predikantevergadering 2014: Woensdag 10 September**
  Tema: *Kom ons vertel...*
  Gemeente Montana, hv Jan Bantjies- en Azanzaweg, Montana
  Registrasie 08:30; opening 09:00; tot ongeveer 14:00
  R180 per persoon, geen koste vir emeriti
  Gelde kan vooraf elektronies inbetaal word:
  Bank: ABSA
  Rekeningnaam: Kerkgeld vir Kerkwerk
  Rekeningnommer: 020-149-752
  Takkode: 632-005
  Verwysing: 1540K + voorletters en van
  Stuur bewys van betaling na **kassier@nhk.co.za** / 086 633 2913 (faks)
  (Bring 'n kombers of kampstoel saam vir u eie gebruik)
  Verskonings aan ds Marius Bacon by **baconm@telkomsa.net** / 083 297 6135

- **Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening & Bybelvasvra**
  26-28 September
  Kwaggasrus Kampterrein
  Predikante, kerkraadslede, jeugmentors, ouers, jongmense en ander welkom
  Koste: R380 per persoon (2 nagte, 3 dae) kamp-akkommodasie
  en 5 etes ingesluit
  (chalets beskikbaar teen hoër tariewe)
  Vir inligting en besprekings rakende konferensie, skakel di Thinus van Staden (084 589 7035)
  of Marthinus van Staden (+267 7130 7197)
  Vir inligting en besprekings rakende Bybelvasvra, skakel di Stephen de Beer (083 781 2955) of Marius Bacon (083 297 6135)

Allegaartjie

Ek mis mooi kerke. Ek kan nie die heiligheid of nodige stilte vind in 'n aaklige gebou vol projektors, skerms, klanktoerusting, tromstelle, hotelkandelare, slagspreuke, draperings en verhoë nie, ek moet platteland toe ry of oorsee vlug vir vrede. (Nataniël, in *Sarie* September 2014)

Beskikbare behuising

Skryfwenke

Mense sal altyd verskil oor wat 'n goeie of swak skryfstyl is. Kommunikeerders (sprekers en skrywers) se taalgebruik moet egter so goed en effektief moontlik op die konteks afgestem wees.

Een van die besondere steuringe wat kommunikasie kan belemmer, is hoogdrawendheid. In 'n deftigheidstrewe word dikwels onnodig ingewikkelde of geleerde woorde gebruik, oordrewe waardige of plegtige woorde en uitdrukkings in meestal lang en lomp geformuleerde sinne. Om jou aangesprokene te probeer beïndruk met jou meerderwaardige kennis, jou hoë sosiale of kulturele status terwyl jy goed weet dat die persoon jou moontlik nie gaan verstaan nie, is nie goeie kommunikasie nie. Formaliteit het sy plek in taal, maar moenie hoogdrawende woorde laat uitslaan waar hulle ontuis is nie (Johan Spies 1982).

Spies sê ook om die taal 'n soort amptelike voorkoms te gee, is om die taal *rybroek en kamaste aan te trek*. Die resultaat is dikwels vae en onverstaanbare taal. Kyk na die volgende voorbeelde:

- "Ek rig hierdie skrywe aan u met betrekking tot die onderhawige geval."
  (Betekenis: Ek verwys na die volgende probleem.)
- "Verstrek asseblief u *domicilium citandi et executandi* vir die doeleindes van u belastingaanslag."
  (Betekenis: Verstrek asseblief u vaste adres vir alle regsdoeleindes.)
- "In die kader van 'n optimale deelname word van iedere deelnemer 'n ruim dosis selfwerksaamheid verwag."
  (Betekenis: Mense moet self 'n bydrae maak.)
- "Indien pluralisme nie oor 'n breë spektrum in gesamentlike besluitnemingsprosesse en bestaanstrukture geakkommodeer word nie, kan dit tot 'n konfliksituasie lei wat die hele subkontinent sal polariseer en radikaliseer."
  (Betekenis: Almal moet deel hê in die bestuur van die land, anders kan dit tot chaos en geweld lei.)

(Bron: *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans.* WAM Carstens. 5de uitgawe, 2011)

Konserte en feeste

- **Vrydag 5 September: Gemeente Montana**
  Konsert met Burgerd en Zita
  Ten bate van barmhartigheid in ring van Noordelike Pretoria
  Wegneemetes vanaf 17:00, konsert 18:30
  Volwassenes R80, kinders R30
  Kaartjies beskikbaar by Montana-kerkkantoor 012 567 1753

- **Saterdag 6 September om 09:30: Konsert**
  Fondsinsameling vir Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville
  Panfluitoggend en heerlike tee en verversings
  'n Lentebries met Ryan Walt en Stephan Sterling
  Kerkgebou van Gemeente Erasmia
  Kalkheuwelstraat, Christoburg (Erasmia)
  Vir kaartjies (R60) skakel Sannie Duvenhage (012 654 5246)

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 12 September: Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag**
  Plek: Bronkhorstspruit Gholfklub
  Formaat: 4BBB
  Afslaan: 11:00
  Koste: R250 per speler
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263 / **attiebotha@telkomsa.net**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Bulawayo: Gemeente-hulpfonds 2014: Kompetisie**
  Vir pastorale bediening aan bejaarde en behoeftige lidmate
  Wen vleis of kontant – vleis sal deur u naaste slaghuis gelewer word
  Inskrywings in veelvoude van R20
  Trekking Saterdag 6 September 2014
  Navrae aan Marlene van der Merwe in Pretoria: 072 436 6714

- **Gemeente Hartbeesfontein: Wen-wen-wen-kompetisie 2015**
  Koop 50 kompetisieboekies (11 kaartjies per boekie) = totaal van 550 kaartjies
  Kaartjie kos R100 – dus 50 boekies = R55 000 in kontantwaarde
  Betaal slegs R5 000 vir 50 boekies (550 kaartjies)
  Samel vir uself, u gemeente, skool, instansie of klub R50 000 in
  Verskeie pryse (vleisbeeste, kontant, rekenaar, diamant, ens)
  Verkoopte kaartjies moet die gemeente **teen 15 Mei 2015** bereik
  Kontak skriba Manus van Staden by 082 707 9398

Basaars en markte

- **Vrydag 29 Augustus: Gemeente Barberton: Lentefees en dans**
  Coronation Park
  Optrede en musiek deur Anne-Mari vanaf 19:00
  Lentefees van 12:00 tot laat
  Eet- en drinkgoed, winskopies
  Kontak ds Petrus Dreyer 082 453 8094 / Eureka 082 751 6837
  nhk@wi-net.biz

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus: Springs Fonteinefees**
  Sportterrein van Dr Johan Jurgens Hoërskool, Witweg, Springs
  Gemeente: NHK Springs-Oos
  Vrydagaand: DJ Ossewa
  Saterdagaand: Osbraai met Snotkop
  Baie kompetisies, uitstallers, kosstalletjies
  Kontak Catrien Prinsloo by 083 437 1039

- **Vrydagmiddag 29 en Saterdag 30 Augustus**
  Gemeente Wonderboom-Suid: Jaarlikse Basaar
  10de Laan, tussen De Beer- en Naudestraat, Wonderboom-Suid
  Beroemde pap-en-kaiings, kapokaartappels-en-lewer, ens
  Bestellings kan geplaas word!
  Stalletjies vir elke smaak en keuse
  Ontmoet ons eie sjef
  Navrae aan George Rademeyer by 083 702 9292
  of **dawie@infopark.co.za**

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus: Gemeente Tzaneen**
  Hanekraaikarnaval: *Van vroeg tot laat*
  Agathastraat 18, Tzaneen
  Beroemde ontbyt, biltong-en-droëwors-stalletjie
  Baie vermaak vir kleuters, kinders en jongmense
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508 (Maryna Roodt)
  of ds Richard van der Westhuizen by 015 307 4789

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus: Gemeente Rustenburg-Suid**
  Willerste Noordweste Fees by Kockstraat 153
  Vrydagaand 18:30: Jakkals (Jakkie Louw) en Leo (Kevin Leo)
  R100 volwassenes, R40 skoolkinders
  Navrae aan Lindy 081 019 3977 / Frikkie 082 445 4336
  Saterdag: Fees
  Jeugarena, troeteldierfotokompetisie, kunsmark, basaarlekkernye
  Wen ’n aand by Akwaaba Lodge en Roofdierpark

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Augustus: Oesfees op Ottosdal**
  Vrydagaand: Met **Manie Jackson** en ’n ete op die Oesfeesterrein
  Saterdag: Uitstallers, lekkernye, hope vermaak vir die kinders
  Navrae aan gemeentelike kantoor by 018 571 0200
  of **ottosdal@nhk.co.za**

- **Saterdag 30 Augustus: Gemeente Mafeking: Reënboogfees**
  Gaskunstenaars: Betty-Jean, Rudi Roos en Ricardo Muller (gratis toegang)
  Skenk R50 en wen moontlik R10 000, R5 000 of R3 000 kontant!
  Veiling van unieke handvervaardigde meubels, speelgoed, olieverfskildery en vele meer
  Vermaak vir kleingoed en jeugdiges
  Verskeidenheid te eet en drink
  Navrae aan Kallie 079 893 9031 / Nelia 083 665 6239

- **Saterdag 30 Augustus: Gemeente Ventersdorp: Basaar**
  Gesinsdag vir almal, baie te ete en te drinke
  Vleis te koop – onder meer heerlike boerewors en sosaties
  Navrae aan ds Marius Jansen van Vuren by 072 850 4960
  of Nico Kock by 083 204 6715
  of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

- **Vrydag 5 September: Gemeente Swartkop**
  Basaar (Dankfees)
  14:00 tot laat
  Irelandlaan 107, Eldoraigne

- **Saterdag 25 Oktober 09:00-17:00: Gemeente Kempton Park-Oos**
  Kontreifees met kunstenaars Willem Botha en Monique
  Verskeie uitstallers (daar is nog plek vir uitstallers – kontak ons gerus)
  Kosstalletjies en vermaak vir kinders
  Toegang: R50 per volwassene, R25 per laerskoolkind, voorskool gratis
  Navrae aan ds Anneline Geyer by 082 924 7344 / **anneline@kpo.co.za**

- **Saterdag 29 November: Gemeente Wesmoot: Kersmark**
  By Makro in Wonderboom
  Enige gemeente wat wil saamwerk, kan ds Fanie Beukes kontak
  073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

ANDER NUUS

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na **produksie@nhk.co.za**. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

- **Vrydag 5 September: Loslitdag**
  R10 per plakker (R4 vir TOIBO en R6 aan Raad vir Persone met Gestremdhede)
  Kry of bestel jou plakkers by:
  Arina Jooste 012 320 7644 / **toibo@nhk.co.za**
  Susan Moore 012 322 8885 x252 / **mannekrag@nhk.co.za**
  Koop sommer 10 of 20 en verkoop dit weer verder!

- **Saterdag 6 September: Super 10 Spinnathon**
  Ten bate van *Beeld*-Kinderfonds
  Van 07:00 tot 17:00 aan waterkant van Centurion Mall
  Kry inligting oor inskrywingsfooie en reëls by Adrie van Staden
  011 976 2273 / 073 749 2697 / **info@beeldkinderfonds.co.za**

- **Insig Vaardigheidsopleiding: Studente van 15 jaar tot baie oud**
  Kursusse in sweistegnieke, konstruksiestaalwerke, ketelmakery / verkoeling / haarkappery en skoonheid
  Billike pryse, kampus in Naboomspruit op wildsplaas met verblyf
  Volgende volwaardige kursus **22 September tot 31 Oktober**
  Vakansie-kortkursusse ook vir skoliere
  Navrae aan dr Tom Theunissen 082 291 7490 (sweis)
  Mnr B Bosman 084 586 0500 (verkoeling)
  Mev L Ehrke 061 610 9814 (hare/skoonheid)

- **Maandag 13 Oktober 08:30 tot 16:00**
  Seminaar: Teks, kateder, kansel
  Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus
  R350 per persoon voor 1 Oktober
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661
  of Elmien Scott by 018 299 1607

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.** (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). (Die prys styg met ingang van Januarie 2015.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

U raak die pen aan en die woorde begin dans.
U raak aan die fluit en die note skitter.
U raak aan die verfkwas en die kleure sing.
Só kom daar sin en skoonheid in alles wat bestaan –
omdat Ú daar is.

(Dag Hammarskjöld)

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel